


KOERSVAS

Jaargang 7 Uitgawe 164 5 Julie 2019



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

REDAKSIONEEL

Die duiwel se vurk

Ons ken waarskynlik almal die prentjie van die duiwel met sy vurk. Oumie het gewaarsku dat jy jou spinasie moet eet; anders kom haal die duiwel jou met sy vurk. Waar het hy sy vurk gekry en waarom juis 'n vurk?

Waar kom vurke vandaan? Lesers sal verbaas wees om kennis te neem dat vurke maar eers in die negentiende eeu mode en gebruik geword het. Daar was 'n tyd toe mense in Europa nog met die hande geëet het. Hulle was geskok om te dink dat jy iets tussen jou en die kos bring tydens die maaltyd, nee, kos is mos wonderlik natuurlik en moet gevoel en geraak word op pad na die mond toe. Sommige mense beweer dit is hierdie weersin ten opsigte van vurke wat die duiwel die vurk in die hand gestop het.

Ander historici reken weer die duiwel se vurk is 'n oorneem van die Griekse god Poseidon se Trident. Ander is onseker omdat die groei van die beeld in die gryse geskiedenis obskuur is. Ons weet met ander woorde nie waar die beeld vandaan kom nie; in die Bybel vind ons geen so 'n verwysing nie. Dit staan ons met ander woorde vry om die vurk weg te vat of soos ons linkse kennis dit metafories te verstaan:

Laasgenoemde maak die deur oop om lesers attent te maak op sekere gevare en probleme wat uiters relevant is vir ons om ons geloof te behou. Die duiwel se vurk is simbool van die omvattende aanslag op ons geloof en vryheid. Elke tand van die vurk simboliseer dan 'n ander tipe aanslag. Soos al die tande aan een vurk geheg is, so is daar een dryfveer agter die verskillende aanslae wat ons moet verduur. Net soos die vurk in die Franse omgewing verander het van net een tand na meer tande, so is die duiwel se metafories vurk tot meer as twee of drie tande in staat. Vandag gaan twee van hierdie tande genoem word.

Die eerste front van aanslag is die vermaaklikheidswêreld. Die poging om ons perspektief en denke te stuur en te beheer kom op alle vlakke na vore. In advertensies word net 'n sekere vorm van verhouding en vriendskap gebruik om 'n produk te bevorder. Diegene wat dink in terme van volks-eie verhoudings word daaglik gebombardeer met die sintetiese van gemengde rasse, valse hoop en 'n probleemlose toekoms. Films en televisie stories is nie anders nie. Rasse word gemeng; selfde geslag verhoudings is aan die orde van die dag. Dit is nie in pas met die werklikheid nie. Statistiek bewys dat tussen 1.3% en 2.7% van enige bevolking

homoseksueel is. Waarom dan sodanige verhouding in amper elke program? Die nuutste statistiek beweer dat daar nou 4.1% Amerikaners is wat hulself as "gay" verklaar. Toevallig of die gevolg van propaganda bombardering? Daar is skaars 'n program wat handel oor 'n "tradisionele" gesin. Statistiek beweer dat die verbrokkeling van gesinne besig is om te versnel. Toevallig? Verhoudings in gesin- en volksverband is maar twee temas wat binne die media aanslag genoem kan word. Daar is baie ander dun vurk wipunte in televisie stories wat genoem kan word.

'n Tweede vurktand van die duiwel is die beheer van ons denke. Net soos met die vermaaklikheidsbedryf is daar baie meer voorbeelde as wat hier genoem kan word. Ons gaan op een van hierdie beheer meganismes fokus. Die internet is 'n wonderlike instrument wat binne sekondes 'n oormag inligting aan ons beskikbaar stel. Gaan Google-loer enige tema en jy sal dit kan bevestig. Hoe betroubaar is die inligting? Soos die grappie van man en vrou wat van mening verskil. Die man dring daarop aan dat hy iets weet, en die vrou vra: "Weet jy dit of Google-weet jy dit". Die bestaan van *snopes* en *the onion* as kuberruimtes waar daar gepoog word om waar en vals te onderskei, onderstreep hierdie tameletjie.

Die nuutste skokkende nuus kom vanuit die VSA. 'n Groep genaamd "*project Veritas*" (*veritas* is Latyn vir waarheid) het Google se linkse vooroordeel ontmasker. Om binne breukdele van 'n sekonde antwoorde op jou vrae te verskaf, maak Google van algoritmes gebruik. Hierdie kodering is meer gelaai as wat aanvanklik gedink is. Die kodes is so geskryf dat konserwatiewe webwerwe eers op bladsy vier of vyf na vore kom. Een van

die senior amptenare het erken dat hulle die kodes so gaan verander dat daar nooit weer 'n Donald Trump verkies sal word nie. Hulle het met ander woorde hulle vingers op jou dink-skaal en probeer doelbewus jou verslaaf aan hulle denkpatroon.

Waak teen die duiwel se vurk, daar is meer as net hierdie gevaarlike tande wat ons geloof wil ontwortel.

Ouderlinge Jaco de Ridder sal as gas redakteur optree vir die volgende 3 uitgawes van Koersvas en twee uitgawes van Die Skietlood.

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

BONDSVERGADERING EN BONSDAMESBYEENKOMS 2019

DATUM 8 tot 10 September 2019. (Dames 8-9 September)

Die Bestuurskomitee vergader op 12 Julie 2019 om die agenda vir die Bondsvergadering vas te stel. Die agenda sal betyds aan alle gemeentes gestuur word. U word daaraan herinner dat die agenda elektronies beskikbaar gestel word en dat gemeente self harde kopieë moet produseer indien hulle dit verkies.

Die lys van plaaslike akkommodasie is reeds aan gemeentes gestuur.

LEWENSbroOD 2020

Predikante word daaraan herinner dat die Lewensbrood 2020 se dagstukkies reeds drie weke ingestuur moes wees. Ons groot dank gaan aan die oorgrote meerderheid wat reeds gehalte dagstukkies ingestuur het. Ons versoek die voete-slepers om die werk nou af te handel. Die finale drukdatum is afhanklik van bydraes wat betyds ingestuur word.

BYBELVASVRA 2019

Die aanvanklike datum van 2 Junie 2019 word verander na die **NUWE DATUM VAN 21 JULIE 2019**. By hierdie geleentheid sal die finale rondte geskied. Ds Dirk van Rooyen

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook weekliks nuwe preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

GEMEENTE VREDE

Dit is u laaste geleentheid om vir die kompetisie in te skryf. Die trekking vind plaas op 15 Julie 2019.

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !
Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek
- naby hospitaal en besighede-
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar
in gemeubileerde kamers

Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by
Villa Stoney

Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com

Hervormde Gemeente Vrede

Voël jag ter waarde van R9 000 - 3 jagters

Pryse is nie verhandelbaar of oordraagbaar nie.

Die beoordelaars se beslissing is finaal.
Trekking vind plaas op 15 Junie 2019

JAGPAKKET:

19-20 Julie 2019

*Akkommodasie by Waterfront
Gastehuis te Emantzini, Vrede*

**1ste Prys: Tarentale
Fisante
Patryse**

2de Prys: 1 Blesbokkarkas

3de Prys: Slagvark



BANKBESONDERHEDE:

Hervormde Gemeente Vrede
Standard Bank
Tjiek 042096100
Vrede 051 001

Verwysing: Naam, Van en selnr.
Stuur bewys van betaling na
ernst.bosveld@gmail.com
Ernst Lombard: 082 645 1343

R200 per kaartjie

VLEISRAS
LANDRAS

1/2 OF HEEL VARK TE KOOP

PRYS: R40 p/kg

DATUM VAN AFLEWERING: Sal deurgegee word sodra bestellings voltooi is

AFLEWERINGSPUNT: Pretoria soos ooreengekom

BETALING: EFT

BEPERKTE VOORRAAD

9 beskikbaar tussen 50- en 70kg of halwe
tussen 25- en 35kg

7 beskikbaar slegs heel tussen 28- en 35kg



Varke word opgesaag
soos versoek!

**PLAAS BESTELLING BY
RONÉL SELNO. 0827873680**

**ONDERSTEUN JOU
SAK EN DIE BOER
&
BESTEL DIREK VAN
DIE BOER**